

Lêerno.: 18/5/2
Verwysing: 20240409-2957

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0009/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare skole

Onderwerp: Aanlyn bestelling van KABV-handboeke vir graad 1 tot 12

1. Daar word van skole in die Wes-Kaap verwag om elke ingeskrewe leerder van 'n handboek vir elke vak te voorsien.
2. Om toe te sien dat elke leerder in elke skool handboeke vir elke vak in 2025 het, word prinsipale versoek om:
 - 2.1 hul verwagte graad-vir-graad-leerderinskrywings vir 2025 te bepaal;
 - 2.2 die verwagte getal ekstra leerders aan die begin van 2025 te beraam, gegrond op tendense van die afgelope paar jaar;
 - 2.3 te verseker dat alle ongebruikte handboeke wat tans in pakkamers is, in ag geneem word; en
 - 2.4 die jaareind-retensiekoers van handboeke vir die afgelope paar jaar in ag te neem.
3. Die inligting in punt 2 moet gebruik word wanneer bestellings vir aanvullende handboeke vir 2025 geplaas word.
4. Skole sal in 2024 slegs een geleentheid, vanaf 13 tot 24 Mei, kry om al hul aanvullende handboeke met behulp van die aanlyn stelsel wat deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) verskaf word, te bestel. Dit beteken dat skole tyd moet maak om noukeurig te beplan wat hul behoefte aan aanvullende handboeke vir 2025 sal wees, met inagneming van al die faktore wat in punt 2 gemeld word.
5. Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0005/2024 van 19 Februarie 2024 beklemtoon die voordele van die bogenoemde geleentheid vir artikel 21-skole wanneer die aankoop en bestelling van handboeke jaarliks via SOBIS aan alle skole gebied word.

6. Skole se norme-en-standaarde-toewysings vir leer- en onderrigondersteuningsmateriaal sal gebruik word om vir aanvullende handboeke en handboeke weens groter leerdertalle in Januarie 2025 te betaal.
7. Skole word aangemoedig om hul voorbereidings vóór die aanlyn vasleggingstydperk af te handel en hul bestelling van aanvullende handboeke vanaf die dag wat die aanlyn stelsel op 13 Mei 2024 oopmaak, vas te lê.
8. Wanneer toegang tot SOBIS verkry word, kies die "Administration"-opsie op die kieslys en kies dan "CAPS textbook top-up" op die aftreklys. 'n Subkieslys sal verskyn, wat dan toegang tot die vasleggingskerm en die "How to guide" sal bied. Skole word aangemoedig om vóór die vaslegging van bestellings van aanvullende handboeke, vertrouwd te raak met die inhoud van die "How to guide".
9. Verwys asseblief na die verwelkomingsnota en handleiding op SOBIS om vas te stel met wie daar in aanraking gekom moet word indien enige probleme met die vaslegging van die bestellings van aanvullende handboeke ondervind word.
10. Sodra die aanlyn bestelling deur die prinsipaal geverifieer en afgeteken is, moet die skool 'n drukstuk van die geverifieerde bestelling maak, kontroleer dat dit korrek is en 'n rekord daarvan hou.
11. Indien 'n titel nie via die aanlyn bestelstelsel beskikbaar is nie, moet skole die aangehegte dokument vir bestellings (Bylae 1) gebruik om hul vereiste KABV-goedgekeurde handboeke te bestel. Die voltooide bestelvorm moet voor of op 24 Mei 2024 elektronies ingedien word vir die aandag van me. Louise John (tel. no. 021 467 2345) by LTSM@westerncape.gov.za.
12. Let asseblief daarop dat die KABV-handboekkontrak (B/WCED2938/21, wat tans vir die tydperk 01 Oktober 2021 tot 30 September 2024 gebruik word), vir die verskaffing en aflewering van handboeke op 30 September 2024 sal eindig.
13. Dit het onder die aandag van die WKOD gekom dat skole soms die aflewering van bestellings wat verkeerdelik deur hulle geplaas is, weier, wat dan finansiële implikasies vir verskaffers inhou. Verskaffers of hul afleweringss agente sal onder geen verpligting wees om bestellings wat korrek afgelewer is, terug te stuur nie. Prinsipale word daaraan herinner dat skole finansiëel aanspreeklik is vir alle bestellings wat via SOBIS geplaas word. Skole het dus geen ander keuse nie as om die aflewering wat met die amptelike bestelling ooreenstem, te aanvaar.

14. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2024-04-22